

Tema: Ons is saaiers van die Woord

Skriflesing: Markus 4:26-34

Die eerste saaiër was Jesus. Aan die kruis het Hy die saad van vergifnis en verlossing gesaai. Die saad het op ons lewens geval. Hy het dit laat ontkiem. Dit het in ons gegroei. Dit groei steeds en dra vrug. Die Here is ook die een wat sal oes. Op Sy volmaakte tyd sal Hy weer kom om ons te kom haal.

Tot dan maak Hy van ons almal ook saaiers. Markus, die jongman wat hierdie evangelie skryf, is 'n saaiër. Hy kom uit 'n goeie huis. Sy ma se naam was ook Maria, 'n spesiale vrou. Dit wil uit Hand 12:12 voorkom of haar huis vir die eerste Christene 'n gereelde bymekaarkomplek was. Haar huis was moontlik ook die plek waar die eerste Nagmaal ingestel was.

Markus was nie 'n dissipel van Jesus nie. Toe Jesus Sy dissipels geroep het, was hy nog te jonk.

Die nag toe Jesus gevange geneem is, was hy daar. Dit was waarskynlik hy met 'n doek om hom gedraai. Toe hulle hom gegryp het, het hy hom van die doek losgedraai en naak die nag ingehardloop. (Mark.14:51-52).

'n Ander gebeurtenis in sy lewe waarvoor hy kon skaam wees, het hy saam met sy oom Barnabas, beleef. Paulus wou Markus nie op sy tweede sendingreis saamneem nie. Hy het gevoel dat Markus 'n teleurstelling op die eerste sendingreis was. Hy het vir hulle in die steek gelaat deur te gou toe op te gooi en huis toe te gaan. Daar was erge wrywing hieroor, in so 'n mate dat Barnabas ook nie met Paulus op sy tweede sendingreis wou saamgaan nie. Hy wou graag dat Markus, wat familie was, saamgaan.

Waarom vertel ek al hierdie dinge vir u? Want God se koninkryk werk nie asof dit mensewerk is wat die koninkryk sal laat slaag of nie. God se koninkryk hang ook nie van families en invloedryke mense af nie.

Die Here gebruik vir Markus met sy mooi stories en skaam-maak-stories. Hy gebruik hom wat homself en ander mense soms in die steek gelaat het om die evangelie te skryf. Hy gebruik hom om te saai.

Hy gebruik ook vir my en jou. Ons as mense het ons krag, ons gawes, ons taak, ons insig en ons vermoëns, maar ons moet nie dink dit is in die eerste plek ons wat maak dat die koninkryk en kerk 'n sukses is nie. Dit is God wat Sy koninkryk vestig en laat groei. Ons moet nie te veel van onself dink nie.

Ons voel dikwels baie belangrik, selfs onmisbaar. Ons het 'n houding dat ons alles kan en moet doen. Ons hou baie van die dinge waarvoor ons self beheer kan uitoefen.

Ek moet tog my mag en my besondere aandeel kan aantoon. Alles hang van my af, maar dit is nie waar nie. Dit is ook nie waar dat alles van ons programme, aksies en byeenkomste afhang nie.

Ons moet nie te veel van onself dink nie. Ons moet ook nie te min van onself dink nie. Die Here gebruik ons almal om te saai. Die Woord is die saad wat ons moet saai. Ons

moet vir ander vertel en wys van die verlossing deur Jesus Christus. Hy sal die saad van die evangelie laat opkom.

Ons moet net soos die boer saai. Die boer saai en gaan slaap, hy staan op en saai. Dag na dag hou hy aan met saai. So moet ons deur voorbeeld, woord en daad ons elke dag beywer vir die voortgang en uitbreiding van God se koninkryk. Ons moet nie moed verloor nie. Die eintlike sukses lê nie in wat die saaiers doen nie. Wat ons kan doen, moet ons doen. Die groei moet ons in God se hande laat. Hy is in beheer. Hy waarborg 'n oes.

Geliefdes, dit wat so wonderlik vir ons moet wees, is juis vir ons so moeilik. En dit is om die groei van die evangelie in die hande van die Here te laat en te aanvaar dat ek gedoen het wat ek kan. Ek kan niks meer doen nie. Iemand baie groter as ons as saaiers is aan die werk. God laat groei. Daarom moet ons alles van God dink. Ons moet alles van Hom verwag.

Vir die mens lyk die groei of dit outomaties gebeur. Dit is soos wanneer die aarde gebrand het. Miljoene saadjies lê verborge in die grond. Hulle skiet wortel en ontkiem sonder enige menslike ingrype. Hoe alles gebeur, weet ons nie. Ons weet dat God se krag, wat nie gesien kan word nie, laat groei.

Dit kom eenvoudig net na vore. So is die koninkryk van God. God laat dit groei. Die woord wat Markus gebruik, beskryf dit so mooi: " *...vanself bring die aarde graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar...*" Ons weet dit is God se kragtige geheimenisvolle werking. As saaiers kan ons maar net onself daarin verheug.

Ons weet ook dat die koninkryk soos 'n mosterdsaadjie is. Dit begin klein, die kleinste van al die soorte saad en groei tot 'n groot boom waarin die voëls kom nes maak. So het die evangelie klein in almal se lewens begin. God het dit laat groei. Dit groei steeds en dra vrug.

Die evangelie het klein in die wêreld begin, maar dit moet ons nie afsit nie. God sal dit laat groei en vrug dra.

As ons in ons eie lewens en in die lewens van die mense rondom ons die vol koringare sien, kan ons uitsien na die dag wanneer Hy kom oes. Maar tot dan, is ons saaiers van die Woord.

Amen